



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOUD IN DIE STADSZAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 27 AUGUSTUS 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Gaika, M F (EFF)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	White, G E (PA)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lid van die publiek.

Rdl A K Warnick open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan rdl M F Gaika met haar verjaardag in Augustus.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdd M Nel, rdl I S le Minnie en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 SAPOA (South African Property Association): TOEKENNING INSAKE MUNISIPALE PRESTASIE

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die inisiatief deur SAPOA, in samewerking met Ratings Afrika, om erkenning te gee aan munisipaliteite wat uitnemend vaar in bestuur, fiskale dissipline en basiese dienslewering.

Die Munisipale Bestuurder/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat Swartland Munisipaliteit se gradering deur Ratings Afrika vanaf 71% tot 74% toegeneem het.

Met hierdie baanbrekers toekenning tydens SAPOA se Jaarlikse Konvensie wat gehou sal word op 2 Oktober 2025, sal erkenning gegee word aan plaaslike owerhede wat finansiële volhoubaarheid is, openbare hulpbronne beskerm, belê in infrastruktuur en 'n omgewing skep waarbinne gemeenskappe en besighede kan floreer.

SAPOA poog met die toekenning om 'n voorbeeld te stel aan die res van die munisipaliteite in Suid-Afrika om te hervorm en te streef na uitnemendheid, aangesien dis-funksionele munisipaliteite nie die norm vir plaaslike owerhede behoort te wees nie.

Vir deursigtigheidshalwe meld die Munisipale Bestuurder dat hulle gades ook ingesluit is by die uitnodiging, maar dat die reis en verblyfkoste vir hulle persoonlike rekening is.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die SAPOA Jaarlikse Konvensie wat gehou sal word op 2 Oktober 2025 waartydens erkenning gegee sal word aan plaaslike owerhede wat uitnemend vaar op die gebied van bestuur, finansiële volhoubaarheid en basiese dienslewering;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder, vergesel deur hulle gades, na die SAPOA Jaarlikse Konvensie uitgenooi is en hulle persoonlik sal instaan vir die reis- en verblyfkoste van hul gades.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

Geen.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 GOEDKEURING VAN DIE GOP-/BEGROTINGSTYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die Uitvoerende Burgemeester moet ingevolge Artikel 21(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die datums in die tydskedule word in 'n groot mate deur die sperdatums ingevolge die MFMA en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 bepaal.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

8.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A M Williams)

- (a) Dat die aangehegte GOP/Begrotingstydskedule vir die hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse Begroting kragtens Artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word.

8.2 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 1218 EN 971, ABBOTSDALE VIR KERK- EN VROEË KINDERONTWIKKELINGSDOELEINDES (12/2/1-1/1)

Die Munisipaliteit is die eienaar van Erf 1218 (geleë op die h/v Sonneblom- en Roosmarynstraat) en Erf 971 (geleë op die h/v Eikeboom- en Wilgerboomstraat), Abbotsdale.

Belangstelling is onlangs getoon in die verkryging van voormelde eiendomme vir die gebruik as vroeë kinderonwikkelingsfasiliteite en plek van aanbidding, insluitend 'n fasiliteit vir gemeenskap-uitreikprogramme.

Daar word voorgestel dat Erwe 1218 en 971, Abbotsdale by wyse van 'n mededingende tenderproses beskikbaar gestel word aan instansies betrokke by die gebruik wat in staat sal wees om die nodige fasiliteite te vestig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A M Williams, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003), die Raad bevestig en besluit:
- (i) Dat die onderwerp eiendomme uit die staanspoor vir kerk- en vroeë kinderonwikkelingsdoeleindes geïdentifiseer is in terme van die sonerings daarvan, en nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bates en die ekonomiese en gemeenskaps-waarde wat vir die bates ontvang word, oorweeg is.
- (b) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates vir die vervreemding van Erwe 1218 (ongeveer 955.8m² groot), geleë op die hoek van Sonneblom- en Roosmarynstraat en 971 (ongeveer 597.2m² groot), geleë op die hoek van Eikeboom- en Wilgerboomstraat, Abbotsdale by wyse van van openbare tender proses (wat 'n twee-fase bodproses mag behels) vir kerk- en vroeë kinderonwikkelingsdoeleindes onderskeidelik, onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes en die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die onderstaande gesubsidieerde pryse as reserwepryse vasgestel word as synde billike markwaarde vir die eiendomme, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:
 - Erf 1218 Abbotsdale – R28 600.00 (BTW uitgesluit) (20% X R143 000)
 - Erf 971 Abbotsdale – R18 000.00 (BTW uitgesluit) (20% X R90 000)
 - (ii) Dat die kopers, benewens die koopprys ook verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksies mag voortspruit, waaronder oordragkoste;
 - (iii) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(c)/...

8.2/...

- (c) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
 - 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bates, nadat die toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetgewing gevolg is;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, met inagneming van die toepaslike bepalinge in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates, waaronder dat 'n toepaslike terugvalklousule teen die eiendomme geregistreer moet word.

8.3 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN DIE KRAALTJIE (ERF 470), KALBASKRAAL (17/2/2)

Die Kraaltjie, geleë op Erf 470, Kalbaskraal is gedurende 2022 van Transnet aangekoop ten bedrae van R350 000.00, met die aanvanklike bedoeling om die bestaande gebou in 'n meerdoelige gemeenskapsentrum te omskep. Die gebou en erf grootte leen hom egter nie funksioneel daartoe om behoorlik as 'n multi-funksionele sosio-ekonomiese sentrum omskep te word nie. Die gebou het sedert 2022 deurgeloopt onder vandale en word daar deurlopend klagtes ontvang oor die ongewenste elemente wat daar uithang.

Intussen het die Departement van Infrastruktuur befondsing toegeken vir die daarstel van 'n sosio-ekonomiese fasiliteit, ingesluit 'n gemeenskapsaal, op Erf 622 (groot 1819 m²), Kalbaskraal.

Met voormelde in ag genome, word voorgestel dat Die Kraaltjie so spoedig moontlik voetstoots van die hand gesit word by wyse van 'n openbare tender.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A M Williams)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003), die Raad bevestig en besluit:
 - (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die toepaslike verordening dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender versoek word vir die vervreemding van Erf 470, 1 417m² groot, geleë op die hoek van Skool- en Kortstraat, Kalbaskraal, onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes en die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die bedrag van R400 000,00 (BTW uitgesluit) as reserweprys vasgestel word, as synde billike markwaarde vir die eiendom;
 - (ii) Dat die eiendom voetstoots beskikbaar gestel word;
 - (iii) Dat dit 'n voorwaarde van verkoop sal wees dat die koper op eie koste toesien tot die verkryging van toepaslike grondgebruiksregte, afhangende waarvoor die eiendom benut sal word;
 - (iv) Dat die voorneme van die Raad om die eiendom by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;

(c)/...

8.3/...

- (c) Dat volmag verleen word:
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om:
- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;
- (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;
- (d) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first served' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendom vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak.

8.4 2026 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die voorgestelde 2026 vergaderingskedsule is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl B J Penxa, geseondeer deur rdl G Vermeulen)

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedsule vir 2026 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke kennisname in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedsule voorsien word;
- (d) Dat die vergaderingskedsule ook aan die Weskus Distriksmunisipaliteit, SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word vir beplanningsdoeleindes.

**GETEKEN:
SPEAKER**